LFP/026/0163/83

Hoogverraadsaak:

# Verdagtes Gewaarsku teen Minagting van Hof

Die Burger 20-2-57

JOHANNESBURG.

LANDDROS F. C. A. WESSEL het gister in die hoogverraadsaak gewaarsku dat teen verdagtes weens minagting van die hof opgetree sal word as hulle staatsgetuies probeer bang maak.

'n Kleurling wat vir die staat getuig het, het gekla dat 'n naturellevrou onder die verdagtes, Bertha Mashaba, vir hom 'n skewe gesig getrek en in sy oor gesis het.

Die landdros het aan Mashaba gesê dat hy besef wat die gevoelens teenoor staatsgetuies is, veral as hulle Kleurlinge of naturelle is. Sy loop gevaar, het hy gesê, dat sy weens minagting van die hof vervolg word en dat haar borgtog ingetrek word. Dit is 'n ernstige aangeleentheid waaroor hy die verdagtes al tevore moes waarsku.

Die Kleurlinggetuie, sers Isaac Sharp, het gesê: „Ons word almal vir verraaiers uitgemaak wanneer ons in die getuiebank staan."

„Ja, dit weet ek," het die landdros gesê, „maar ek wil nie nou van jou 'n toespraak hê nie."

Adv. V. C. Berrangé, vir die verdediging, het gesê dat hy met verdagtes gepraat het van wie gesê word dat hulle staatsgetuies wil laat skrik. Die bewerings is onwaar; dis waarskynlik 'n plan deur die nie-blanke speurders bedink om beskuldigings teen die verdagtes te maak.

Adv. Berrangé het toe gevra dat dadelik beslis word oor die bewerings van minagting. Die landdros het geantwoord dat hy nie dadelik wil optree nie.

Adv. J. H. Liebenberg, hulpvervolger, het beweer dat gesien is hoe L. Forman, een van die verdagtes, sy skouer afgevee het nadat 'n getuie hom aangeraak het by 'n uitkenningsparade.

Die landdros het Forman gevra of dit waar is. „Ja," het Forman gesê.

„Wou jy beledigend wees," het die landdros gevra.

„Ek wou 'n vuil vlek wegvee," het Forman geantwoord.

Die landdros het hom gewaarsku.

Adv. N. Rosenberg, Q.C., vir die verdediging, het betoog dat die verdagtes in spanning leef en dat die staat dit in gedagte behoort te hou. Op uitkenningsparades is dit tog nie nodig dat die getuie die persoon aan die skouer raak wanneer bekend is dat die verdagtes nie daarvan hou nie. Dit moet kwaaie gevoelens veroorsaak en hy protesteer teen die gebruik. Hy self sou vernederd voel as 'n speurder 'n hand op sy skouer sit.

Die landdros het gesê dat adv. Rosenberg se uitbarsting hom verbaas. Dit is 'n ou gebruik om mense so aan te wys. Solank dit uitkenning nie op 'n aanstootlike manier plaasvind nie, kan daar geen beswaar wees nie.—(Sapa.)